



Die

In die party-politiek word 'n vraagstuk uitgebuit vir propaganda.



In die Ossewabrandwag word 'n vraagstuk opgelos vir volkswelvaart.

Staatsmag het van Volksraad Na Regering Verskuif Sedert Oorlog

Volksbeweging Buite Parlement Tans Nodig om Afrikanerdom te Beskerm

„Onder druk van alles wat parlementêr en party-demokraties is, het die Ossewabrandwag in die afgelope twaalf maande ontwikkel tot die selfstandige strydbeweging van die republikeinse Afrikanerdom,” het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, Saterdagmiddag, 8 Augustus, by geleentheid van die O.B.-verjaardagfees te Kroonstad verklaar.

Hy het gesê dat die O.B. aanvanklik bereid was om as aksiefront van die volk op te tree en selfs geneig was om sy leiding van buite sy eie geleedere te ontvang, met dié verstandhouding egter dat hy in beginsel die aksiefront van die hele republikeinse Afrikanerdom bly en nie net van een of ander party of groep nie. Baie is gepraat oor aksiefront en staatkundige front.

Die „Staatkundige front” het egter jammerlik gefaal. Hy was meer begaan oor ontdekkingsstogte na Vrymesselaarsbriewe, verklarings van verraad teen O.B.-offisiere en futiele besluite teen die bevriende nasionaal-sosialisme as oor 'n moedige verset teen die ware erfvyand, die „Empire”. Daarom het die Ossewabrandwag hom losgemaak van so 'n „front”, „wat meer na agter as na vore kyk en wat selfs van goedgesinde elemente van wie hulle voorgee die Republiek te wil verkry die koue troos moes hoor dat hulle meer blyke van „verbasende onkunde” gee as van die veel geroemde staatkunde,” het hy verklaar.

Dr. Van Rensburg is deur 'n perdekommando en groot stoet by die Monument ontvang en deur die dorp na die tentoonstellingsterrein geleide gedoen. Op die tentoonstellingsterrein is hy deur 'n groot skaar ontvang wat besig was om fees te vier. Die feestelikeheid het die heel dag en tot laat die aand geduur.

STERKER

By aanvang van sy toespraak het dr. Van Rensburg verklaar dat die Ossewabrandwag dwarsdeur die land aantree om hierdie dag te vier. Op Majuba het die O.B. dwarsdeur die land die vryheidsgelofte afgelê. Vandag word daardie belofte nagekom deur die strydbeweging van die republiek geldelik te steun. Die magte teen die O.B. is sterk, desperaat en dikwels gewetenloos. „Maar die regverdigheid van ons saak is sterker en ons geloof daarin sal ons voer tot die eindoorwinning.”

Dr. Van Rensburg het verduidelik dat hierdie uniale volksdag en gedenkdag eintlik op versoek van die vroue in die beweging gevier word. Hy het verder verklaar dat 8 Augustus om 'n besondere rede as feesdag gekies is. Op 8 Augustus 1938 het 'n roering onder die Afrikaners begin wat soos geen ander daad die hele volk binne enige maande tot heldere bewussyn gebring het. „Daardie daad het nie sy oorsprong gehad by die politieke of akademiese of ander leiers van die volk nie. Dit het van die byna onbekende kringe van die Afrikanerwerker se

verenigings gekom. Uit die A.T.K.V. van die Spoorweë, die Afrikanerarbeider se vereniging, het die onderneming van 'n simboliese Ossewatrek van die suidpunt dwarsdeur die vaderland gekom. Op 8 Augustus 1938 het die waens in Kaapstad hulle trek begin.

Uit hierdie Ossewatrek is die Ossewabrandwag gebore en as seun van daardie vrome „moeder” wil en durf hy nie sy herkoms verloën nie. Die moeder het geroep met die stem van die Afrikaner-verlede en die Afrikanerbloed tot „alle seuns en dogters en nie net tot dié seuns of dogters wat in een of ander groep of party tesame was nie en daarom bedoel die Ossewabrandwag waaragtig Afrikanereenheid en nie net eenheid van een of ander party-organisasie nie. Omdat hy nie sy „moeder” wil verloën nie staan sy arms oop vir al haar seuns en al haar dogters tot wie sy geroep het en wat haar stem destyds of later erken het.” Hul ambag of uniform of partytrou beskou ons as tydelike dinge wat nie opweeg teen hul Afrikaner-instinkte en Afrikanerbloed nie. Die Ossewabrandwag ken nie partygenote nie, hy ken net volksgenote. Dit is die volk wat hy wil dien — die hele volk en vir daardie volk is hy bereid om aksiefront te wees en „lydingsfront”, konsentrasiekampfront en gevangenisfront — enige front waarheen die soldate van die republiek geroep word.”

MAGSVERSKUIWING

In hierdie omstandighede het die Ossewabrandwag tot stand gekom. Toe kom die oorlog en die hoogty van jingoïsme, die Ryksmagte en geldmagte en vertrapping van die Afrikaner in sy eie vaderland. Alles wat uitheems was, het die botoon gevoer en alles wat inheems was, moes swyg. Kampe, noodregulasies en Empire-handlangers het daarvoor gesorg. In die Ryk se tronke het Afrikaners van alle stande en beroepe beland: werkers, predikante, boere, polisieamptenare, en studente het in tronke en kampe beland — alle klasse maar net een ras, die ras wat geen ander vaderland ken nie, die Afrikaner. Dit was feitlik 'n oorlogsvoering teen die landseun in sy eie land, nadat hy van alle staatsmag of staatsbeskerming beroof is. Dit is ook die stuiptrekkings van 'n sterwende Ryk en daarom kan ons dit met geduld dra.

Onder hierdie druk het die Ossewabrandwag ontwikkel van 'n eenheidsbeweging tot die defensiewe mobilisasie van die Afrikanerdom. Sy organisasie was daarvoor besonder geskik. In die normale ontwikkeling van 'n parlementêre

staat — die soort van liberaal-demokratiese staat wat ons ken — is die parlement die magsentrum.

Sedert 4 September het egter 'n radikale magsverskuiwing plaasgevind. Die Parlement het net 'n „praathuis” geword en die mag berus by die Regering wat sy die wette maak. Die krisis het 'n buite-parlementêre krisis geword. Die volk moes derhalwe sy afweermiddels buite die Parlement en sy parlementêre organisasies vind. Die parlementêre party, opgebou spesifiek vir parlementêre optrede, hoë goed ook a, is magtelos in 'n buite-parlementêre ramp. Net so min soos 'n debatvereniging die beste brandblus-organisasie uitmaak, net so min kan die parlementêre organisasie buite die parlement doeltreffend optree. Dit mag dieselfde mense wees maar hulle is anders georganiseer en het 'n ander doel en gees. In hierdie buite-parlementêre ramp het die volk dus gegryp na die beweging wat uit sy eie drang gekom het, die Ossewabrandwag en die Ossewabrandwag het nie op hom laat wag nie. In elke skans en elke bresse het hy getree waar hy nodig was.

En as die toekoms omstandighede bring waar namens die hele volk geroep word, „So vóer en nie verder” op die lydingsweg waarop die „Empire” en sy handlangers die Afrikanerdom nou sleep, dan wil spreker die vertroue uitspreek dat geen lid van hierdie beweging voor sy of haar offer sal terugdeins nie.

LOSGEMAAK

So het die volksbeweging wat in die volks- (Vervolg op bls. 2.)

Waarde vir geld



STAATSMAG HET VERSKUIF SEDERT OORLOG

(Vervolg van bls. 1)

eenheid sy siel gevind het, ontwikkel tot die defensiewe mobilisasie van die Afrikanerdom onder druk van die „Empire” en die landsvreemde elemente. Maar daar was nog 'n derde trap van ontwikkeling en dit gaan vir die Afrikaner-toekoms die belangrikste wees. Onder druk van alles wat parlementêr en party-demokraties is, het die Ossewabrandwag in die afgelope twaalf maande geword die selfstandige strydbeweging van die Afrikanerdom. Aanvanklik was hy geneigd om leiding van buite te aanvaar op voorwaarde dat hy die aksiefront van die hele Afrikanerdom bly. Hy was bereid om die soldate-front van die republiek te wees, maar nie bereid om deur hierdie of daardie partypolitieke leiers op loop gejaag te word teen elke mede-Afrikaner wat uit die partykudde geskop of geknoei word nie. Daar is baie gehoor van aksiefront en staatkundige front. Waar die sogenaamde staatkundige front sy pligte egter so jammerlik versaak het, het die Ossewabrandwag hom losgemaak daarvan.

Van alle kante wat parlementêr en kapitalisties is, word die O.B. nou aangeval. Die hele georganiseerde geldmag, die pers, Engels, Afrikaans en Joods, die hele party-wese, die hele staatsmag met sy noodregulasies, speurders, tronke en kampe — alles wat aan die ou bedeling behoort en wat sy heil sien in demokrasie en parlamentsdebatte en broedertwis en geskinder, dit alles het ten spyte van onderlinge geskille op een punt saamgespan, naamlik om die Ossewabrandwag te breek. Ná 'n jaar en meer van bitsige gesamentlike offensief van al hierdie magte teen die Ossewabrandwag, bly hy egter nog vir hulle publieke vyand nommer een, omdat hy weier om onder te gaan voordat sy republikeinse taak volbring is.

Omdat die Ossewabrandwag die pad wil oopkap na die toekoms en omdat hulle almal kleef aan die hede met sy geknoei en korrupsie en demokrasie en parlementarisme daarom moet hy beveg word. Die Ossewabrandwag streef nie na 'n liberale demokratiese republiek waar ons net die Goewerneur-generaal president moet

KOMMANDANT-GENERAAL SE REISPROGRAM

- KAAPSTAD:** Woensdag, 19 Augustus, 8 nm. — Hofmeyersaal.
- WORCESTER:** Saterdag, 22 Augustus, 7.30 nm. — Landbousaal.
- HEIDELBERG:** Maandag, 24 Augustus, 8 nm.
- STRANDVELD-KOMMANDO:** (Gansbaai, Stanford, Hermanus) — Dinsdag, 25 Augustus, 8 nm.
- MALMESBURY:** Woensdag, 26 Augustus, 8 nm.
- STELLENBOSCH:** Donderdag, 27 Augustus, 8 nm.

noem en verder alles laat soos voorheen nie. Die O.B. wil aan die volk 'n staatsvorm gee wat hom sal beskerm teen binnelandse sowel as buitelandse gevare. Die klem moet gelê word op dissipline en Afrikanerplig sowel as Afrikanerreg en wat eens en vir altyd die verderflike partystelsel wat van Engeland hierheen oorgevaai het, tot niet sal maak. Ons leer in die partystelsel dat 'n sterk opposisie altyd die ideale toestand skep. 'n Sterk opposisie veronderstel egter 'n swak regering. Die demokrasie het 'n swak regering lief tesame met alle ander swakhede. Die Ossewabrandwag daarenteen soek vir ons volk 'n staatsvorm met 'n sterk regering en as daar geen opposisieparty is nie, des te beter. Ons weet dat hierdie strewa aanklank vind by die gees van die tyd. Die Europese beskawing waarvan ons die inheemse deel hier uitmaak, is klaar met die liberalisme en sy politieke aspek die parlementarisme. Oor die hele Europese wêreld het hierdie nasionale ontwaking gegaan en oral het hy die eie en nasionale stempel gedra.

Genl. Japie v. d. Merwe, waarn. Assistent-kommandant-generaal van die Vrystaat, mev. Meyer, generale van die Vrystaat, genl. Meyer en andere het ook die vergadering toegespeek. Mev. Meyer het aan dr. Van Rensburg 'n leeslamp oorhandig van egte Suid-Afrikaanse olie-wenhout. Kommandant Slabbert van Kroonstad, het daarop 'n Boere-almanak oorhandig.

KORRESPONDENSIEKURSUS

AFRIKANERS LUISTER HIER! — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukurse. Laasgenoemde kurse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstrat, Herfordstrat,
MIDDELBURG, Tvl. | GROBLERSDAL, Tvl.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

Schoemannelo - Drank

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

	PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in 'n kassie van 12 bottels.	PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in 'n kassie van 12 bottels.	PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer.
WYNE:			
Fonkelwyn	5/-	5/-	—
Lewenswyn	3/6	3/6	—
Vermouth	2/6	2/6	—
Hanekraai-Cocktail	3/6	3/-	—
Likeurwyn	2/-	1/8	8/6
Jeripigo, Rooi	1/3	1/1	6/-
Jeripigo, Wit	1/3	1/1	6/-
Soet Muskadel	1/2	1/-	5/6
Port	1/2	1/-	5/6
Worcester Hock	1/1	11d.	5/-
Pontak	1/1	11d.	5/-
Spesiale Sjerrie	11d.	10d.	4/6
Sjerrie	10d.	9d.	4/-

BRANDEWYNE:			
Schoemannelo	5/9	5/-	26/6
Ekstra Spesiaal	5/5	4/9	25/-
F.C.	5/-	4/3	24/-

JENEWER	6/-	5/-	—
LIKEURS:			
Kersie-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Anys-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Gemmer-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Lemoen-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Peperment-Likeur	5/-	4/3	24/-
Van der Hum	5/-	4/3	24/-


JENEWER LIKEURS:			
Lemoen Jenever	6/-	5/-	—
Suurlemoen-Jenever	6/-	5/-	—

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorraad van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sesig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kassies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kassies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kassies of 5-gellingvaatjies of groter. U kassie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

JURGENS SCHOEMAN
POSBUS 142, OUDTSHOORN.



LUGKASTELE

Vir ware voldoening en tevredenheid het 'n mens nodig gesondheid en welvaart, sukses in sy strewa, 'n aangename tydverdryf of ontspanning, en 'n geruste gemoed — gerustheid dat daar nie net vir die hede sorg is nie maar ook vir die TOEKOMS.

'n Geruste toekoms word gewaarborg deur 'N SANLAM-POLIS.



SUID-AFRIKAANSE NATIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE

HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 26, KAAPSTAD

Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur:
Helpmekaar Korrespondensie Kollege
Posbus 3512. Voortrekkergebou.
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent korrespondensie Kursusse

Ek stel belang in.....

Naam:.....

Adres:.....

(O.B. 19 Aug. 1942)

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

Helpmekaar

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG.

Posbus 3512. Foon 22-3512.

ONDERSTEUN ONS BLAD DEUR
DAAROP IN TE TEKEN

Eers as Slaanding vir O.B. Dan as Kruk vir Party.

Hoe „Verkeerde Leiding” Telkens Nagevolg Word Deur Politici

Die Burger het twee hoofartikels gewy aan verklarings van O.B.-kant dat dit klaarpraat sal wees met ons republiek indien Engeland die oorlog wen. Hy beskou dit as 'n bewys dat die O.B. met die volk se toekoms dobbel. Die Party, so word verklaar, gaan binne die Britse Ryk nog volhard met die stryd in daardie geval.

Nou kom adv. J. G. Strydom, leier van die Party in Transvaal, en doen die volgende verklaring: „Dit sal vir ons selfmoord beteken as ons in die toekoms sal voortbestaan as deel van die Britse Ryk.”

Miskien sal Die Burger vir ons kan sê wat die verskil tussen die twee uitlatings is, die verskil naamlik tussen „geen republiek binne die Britse Ryk moontlik” en „voortbestaan binne die Britse Ryk beteken vir ons selfmoord.”

Of het ons al weer te doen met 'n nuwe navolging van die O.B. se beleid?

Die Partyleiding eien hom die een „verkeerde leiding” na die ander van die Ossewabrandwag toe. Eers word dit as stok gebruik om die O.B. te slaan, maar help dit nie, word dit as kruk gebruik om vooruit te beweeg agter die O.B. aan!

Eers moes die O.B. gebreek word omdat hy 'n republikeinse grondwet voorbarig gepubliseer het. Voor die jaar egter uit was, het die Partyleiding dieselfde „voorbarige” stuk volledig gepubliseer.

Eers moes die O.B. vernietig word omdat hy 'n diktatuur wil skep. Die beskuldiging was nog in die omloop toe die partyleier self 'n diktatuur wou skep deur die stigting van 'n „Nasionale Komitee” wat hy alleen saamstel en wat alleen aan hom verantwoordelik sal wees, en wat namens die volk sou moes besluit neem en optree!

Eers moes die O.B. doodgemaak word met die beskuldiging dat hy die Republiek van Duitsland verwag, en dus met die volk se toekoms dobbel. Daarna het die „Volksleier” self 'n beroep op Duitsland gedoen om ons vryheid te gee.

Toe moes die O.B. dit ontgeld dat hy die volk sou wysmaak dat dit klaarpraat met hom sal wees indien Engeland die oorlog wen. Nou

(Vervolg op voet van volgende kol.)

BERG WORD O.B.

Die studente van Stellenbosch het onlangs 'n groot O.B. met wit klippe teen die berg naby die Eikestad gebou. Toe die inwoners die oggend opstaan, het die letters O.B. duidelik teen die berg gepryk. Dit het 'n konsternasie verwek onder die vyandigesindes, en daardie nag het 'n deel van die letters verdwyn. Dit is egter weer herstel, en op 8 Augustus, tydens die feesvierings van die Ossewabrandwag, het dit nog gestaan.

SKRIFOORDENKING

(Deur 'n Dominee.)

DANIEL.

Die eerste hoofstuk van die boek Daniël gee ons 'n kykie in die „empire”-politiek van die ou tyd. Ons lees daar dat die Babeloniërs van die beste en edelste jong manne uit die onderworpe volke geneem het, en hulle in die kennis en wysheid van Babel laat opvoed het. Die doel daarvan is duidelik. Hierdie jong manne moet geleidelik uit hul volksverband losgemaak word en verbabelonies word. Op dié wyse kry die Babeloniese Empire 'n klomp „handy-men” in elke onderworpe volk, wat daar die empirebelange sal behartig, en deur wie se invloed hulle daardie volk in sy onderworpenheid sal hou, en deur wie hulle die volk self langsaam hand sal verbabelonies. Dit is die bekende politiek van „peaceful penetration” (vreedsame binnedringing). Vir die Babeloniese Empire is dit die goedkoopste en voordeligste politiek. Want een „handyman” in 'n onderworpe volk is meer werd as 'n hele leër. Maar dis 'n politiek van Babeloniese sluheid en gemeenheid. Hulle het nie alleen die volk van sy vryheid beroof nie; sy mans, vrouens en kinders doodgemaak nie, maar hulle wil nou nog die siel van die volk daarby vermoor.

Dit was 'n gevaarlike moment vir Daniël en sy drie vriende toe hulle die dag 'n beurs aan die Babeloniese universiteit ontvang het, en allerlei hoë posisies en eretitels hulle in die vooruitsig gestel is. Pasop Daniël! Babel glimlag vir jou, maar dis die glimlag van die huigelaar. Hy wil jou die kiemdraer maak wat jou volk sal verpes. Pasop Daniël! Wat van daardie volk van jou word, sal ook vir 'n groot deel daarvan afhang of jy die patriotisme in jou het om die glimlaggende huigelaar af te wys en by jou volk te staan.

Pasop Daniël, want dit sou vir jou volk beter gewees het as jy in Palestina gesterf het in die stryd vir vryheid, as wanneer hulle in Babel sou moes sien dat jy sterf vir jou volk terwyl jy nog lewe — sterf — die dood van een wat in vyandsdiens hom teen sy eie volk gekeer het.

MINISTER SKELD STRAF KWYT VAN BRITSE SOLDATE

Dit het die Minister van Justisie weereens behaag om die straf wat deur die magistratuur aan twee Britse soldate weens motordiefstal opgelê is, met „genoeë” op te hef. Die hof het die twee soldate skuldig bevind aan motordiefstal op 'n tydstip toe daar in een week 15 motors in Kaapstad gesteel is. Motordiefstal deur besoekende soldate het reeds tot so 'n mate toegeneem dat dit vir die Unie se inligtingsbeampte heeltemal waardeloos geword het om teen „kletspraatjies” oor besoekende konvoioe te waarsku. Enige vyand kan vandag weet wanneer 'n konvooi 'n Unie-hawe aandoen — net wanneer van grootskaalse motordiefstal in die pers melding gemaak word.


Hoewel dit dus ook in belang van die Regering self is om hierdie diefstal-epidemie uit te roei, kom die Minister en beveel die magistratuur sonder opgaaf van redes om die veroordeeldes onmiddellik op vrye voet te stel.

Dit is dieselfde Minister wat talle Afrikaners sonder verhoor maandelank in sy tronke aanhou.

(Vervolg van vorige kol.)

praat voorbokke van die Party al self dat 'n oorwinning van die Britse Ryk vir die Afrika-nervolk selfmoord sal beteken.

Dit verskaf ons darem een troos: sodra die O.B. die republiek verkry het, sal die Partyleiding wel die verkryging daarvan later erken, hoewel hulle miskien eers sal beduie dat dit die verkeerde republiek is!



DIE
KLEREMAKER
EN
UITRUSTER
VAN
KAAPSTAD



Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen

Hy gee bereiding en verdien ondersteuning.

ADDERLEYSTRAAT 134

— KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 19 AUG. 1942.

Oorlog van die Leuen

Die huidige oorlog is 'n stryd om vryheid en word geveg in belang van onderdrukte volke. Dit word ook geveg in belang van die demokrasie, d.w.s. daardie stelsel wat gebaseer is op die grondslag van die meerderheidswil. Ten slotte word dit ook geveg in belang van die Christendom. Ten minste, dit is wat die Engelse en hul bondgenote die wêreld probeer wysmaak.

Wat die laaste oorlogsmotief betref, dit is reeds ontsenu deur die feit dat die Joodse kapitaliste met hul vurige haat vir die Christendom aan Engeland se kant veg; maar dit is totaal die kop ingeslaan toe die godlose Rusland waar godsdienste as 'n verlamende gif beskou word, as bondgenoot van Groot-Brittanje tot die oorlog toetree het. Met sulke bondgenote kan geen oorlog in belang van die Christendom geveg word nie.

Vryheid.

Die oorlog word darem geveg in belang van vryheid en dus teen wêreldoorheersing deur een groot moondheid. Ten einde te belet dat Duitsland gesag sal voer oor ander volke en ander wêrelddele is die oorlog aangeknoop. Die feit dat Engeland self in belang van hierdie vryheid moes optree, was reeds afdoende genoeg om die motief te ontsenu, want waar word 'n moondheid aangetref wat meer bloed laat vloei het in sy stryd om wêreldheerskappy as hierdie eilandjie wat hom beroem daarop dat hy die goiwe beheers en dat die son nooit oor sy ryk ondergaan nie?

Maar hierdie motief is totaal die kop ingeslaan deur die jongste gebeure in Indië. 'n Volk wat smag na vryheid — daardie vryheid wat Engeland juis van hom geneem en wat Engeland alleen weer kan teruggee — moet vandag temidde van hierdie wêreldoorlog in belang van vryheid, tot 'n laaste wanhoopsdaad oorgaan in sy stryd om vryheid. Hierdie vryheidsdrang van miljoene word egter met die brutaalste metodes van geweld in bloed gesmoor, en met tradisionele skaamteloosheid glimlag Groot-Brittanje bemoedigend na sy mede-stryders in belang van vryheid en beduie: „Ek het die toestand goed onder beheer!” Die vryheidsdrang van 'n sugtende volk is goed onder beheer, en Brittanje kan dus voortgaan met sy stryd in belang van vryheid en Christendom skouer aan skouer met die Jood en die Kommuniste.

Demokrasie.

Die stryd word gevoer in belang van die demokrasie, so word verder gesê. Dit word gedoen sodat die meerderheidswil gehandhaaf kan word. Maar in Indië eis 'n paarhonderd miljoen hul vryheid. Die antwoord van die demokratiese „ridder” is egter dat hy die vryheid nie kan gee nie, omdat dit sy plig is om die MINDERHEDE in Indië te beskerm! Die reg van die meerderheid word dus verkrag in hierdie stryd om handhawing van die meerderheidswil terwille van die skynreg van 'n minderheid!

Hierdie oorlog met al sy lokkende motiewe waarvoor ook Afrikanerbloed moet vloei, kan dus met een naam genoem word: Die Oorlog van die Leuen.

Nas. Pers Steek O.B.-Generaal in Pad

Nog 'n Byvoeging tot Groot Getal Slagoffers Wat vir Oorlogsdienste Ontslaan Is

Afrikaners van Port Elizabeth en omstreke voel besonder geskok en verontwaardig oor die optrede van die Nasionale Pers in verband met die afdanking van mnr. H. B. de Wet, lid van die tegniese personeel van Die Oosterlig alhier, skryf genl. B. J. Vorster uit Port Elizabeth.

Mnr. De Wet, 'n generaal van die O.B., was vir meer as tien jaar by die pers werksaam, o.a. vir die laaste vyf jaar as proefleser op die personeel van Die Oosterlig. Ongeveer twee maande gelede het mnr. De Wet, sowel as ander lede van die tegniese personeel, 'n aanmaning van die Bestuurder en Redakteur ontvang om as offisiere van die O.B. te bedank. Mnr. De Wet en een ander offisier het geweier om dit te doen en wel o.a. omdat ander offisiere en brandwagte in die diens van Jingo- en Joodse firmas aan dieselfde gevaar blootgestel is en hulle nie hul mense in die steek wou laat nie.

Nog driemaal is die versoek, o.a. deur die Hoofbestuurder, mnr. H. Otto, persoonlik herhaal en by een geleentheid is selfs geëis dat mnr. De Wet ook as lid van die O.B. moet bedank en dit terwyl daar talle Sappe in die tegniese personeel van die Nasionale Pers werksaam is, drie waarvan selfs pertinent geweer het om die H.N.P. se petisie vir begenadiging van Visser en Van Blerk te onderteken.

Op Woensdag, 5 Augustus, is mnr. De Wet deur die plaaslike Bestuurder in kennis gestel dat hy sy ontslag moet neem vanaf die einde van Augustus, maar ter regverdiging van hierdie stap is aangevoer dat dit niks met die vorige eise te maak het nie maar tot sy leed gedoen moet word om te besuinig! Dit is natuurlik bekend dat die regulasies van die topografiese veld nie toelaat dat lede van die tegniese personeel ontslaan word omdat hulle lede van een of ander party of organisasie is nie, maar indien besuiniging as rede vir ontslag aangevoer word is die Bond se hande gebind.

Mnr. De Wet is 'n baie gewilde en bekwame offisier en sy manmoedigheid en selfopoffering word allerweë deur offisiere en brandwagte geroem. Ernstige reperkussies oor die laakbare

optrede kan verwag word, die eerste waarvan ongetwyfeld sal wees grootskaalse bedanking van lede uit die steeds kwynende H.N.P., veral as in aanmerking geneem word dat die plaaslike O.B. sowel as ander Afrikaner-organisasies hul hande ten oorvloede vol het met die plasing van O.B.-lede wat uit hul werk geskop word deur Imperialistiese en Joodse firmas wat mense uitskop met die hoop dat hulle by die leër sal aansluit en die vraag word allerweë gestel of die H.N.P. en sy pers nou wil saamspeel in hierdie misdadige Empire-spel.

(Na verneem word is meer as 400 Afrikaners onlangs in Port Elizabeth deur oorlogsdrywers uit die werk geskop, en 'n organisasie moes in die lewe geroep word om hierdie mense aan werk en kos te help. Mnr. De Wet is ook nou op hierdie waggly geplaas. Red. Die O.B.)

OOM PAUL
en die
DEMOKRASIE
deur
Dr. J. Albert Coetzee
(Skrywer van „Politieke Groepering in die wording van die Afrikanernasie.”)
*Is ons Volkstradisie Demokraties?
Was Oom Paul vir die Demokrasie?*

Oplaaag beperk — Bestel dadelik by die Skrywer.
Posbus 223 : Johannesburg
of by u Boekwinkel.
Prys 1/6 (Posvry 1/9)

KOMMUNISTE BESKOU O.B. AS GROOTSTE VYAND

Met die woorde in rooi letters „Kom na die Kommunistiese Betoging op die Parade, Sondag, 16 Augustus,” is 'n Kommunistiese vlugskrif by sy duisende in Kaapstad verlede week versprei waarin die „onmiddellike” beleid van die Kommunistiese Party uiteengesit word. Dit begin met 'n oproep om die Nazi's te beveg waardeur verhoed sal word „dat die Ossewabrandwag 'n fascistiese diktatuur in Suid-Afrika oprig.”

Dus ook hierdie rooi dissipels van die ondergrond erken in die Ossewabrandwag hul grootste vyand binne Suid-Afrika. Wie langer teen die Ossewabrandwag veg, moet homself dus as 'n bondgenoot beskou van hierdie grootste bedreiging van godsdienste en beskawing.

In die vlugskrif word die beleid van die Kommunistiese Party o.a. as volg aangegee: „Wapens vir nie-blankes, gelyke regte in die leër vir alle seksies,” „vernietig die kleurlyn,” „onderdruk alle pro-Nazi-organisasies,” „maak 'n einde aan die paswette, segregasie en polisie-klopjagte. Brei die demokratiese regte uit tot die nie-blankes”.

Dit bevat ook 'n afdruk van 'n pas met 'n groot kruis daar deurgetrek met die woorde: „Die pas. Dit is die teken van skande en onderdrukking vir miljoene vryheidsliebende Suid-Afrikaners.”

Lesers sal onthou dat lt.-kol. F. J. Vorster, Kommissaris van Polisie in Transvaal, 'n paar dae gelede verklaar het dat die verslapping van die paswette die hoofsaak was vir toename in naturellemisdade die afgelope tyd.



Die Afrikaner se Koffiehuis

Foon 3-0520 Wandelgang
Grootte Kerkgebou **KAAPSTAD**

Smaaklike Braaigerigte Saans.
Onthaal u vriende in die Koffiehuis.

RESEPSIES EN ONTVANGSTE.

Ons Posbestelling-Afdeling
Beweeg daeliks.
Om usef te oortuig
Bestel van ons.
K.M.B.

Silva Mans- en Seunsuitrusters

Fluweel Ry- broeke £4-15/- Bestel vroegtydig Voorrade Beperk Stuur u mate	Pretoria Kommando's Bring ons 'n besoek en ondersteun 'n goeie Afrikaanse saak
--	--

TOT U DIENS!

SILVA (Edms.) Bpk.
ORION-GEBOU
Voortrekker-Weg 386 A
CAPITAL PARK
PRETORIA

Geweldige Geesdrif op 8 Augustus Laat Ossewagees Herleef

Offervaardigheid van Vryheidstryders in Reuse-Bedrae Omskep

Uit die eerste verslae wat ons bereik het insake die vierings op 8 Augustus blyk dat 'n geweldige geesdrif die Ossewabrandwag dwarsdeur die land beetgepak het, en die dag kan as 'n skitterende welslae beskou word. Die geweldige bedrae wat deur die verskillende kommando's ingesamel is op dié dag, slaan vir goed die kop in van die bewering as sou daar nog net 'n geraamte van die O.B. oorgebly het. As die talryke struikelblokke in aanmerking geneem word — waarvan vervoer en droogtes nie juis die belangrikste is nie — is dit nie te veel gesê nie as verklaar word dat die Afrikanerdom homself na 'n jaar van skeuringsmatheid weer gevind en uit sy vernedering opgestaan het. Op alle plekke het 'n gees van opgeruimde vrolikheid en daadkrag geheers — die gees van hulle wat weet dat hulle 'n regverdige en oorwinnende stryd voer. Die omwenteling van die twintigste eeu het binne die aktiewe Afrikanerdom reeds 'n voldonge feit geword.

Op plekke waar kort afstande die vervoer-vraagstuk die hoof gebied het, was die toestroming van mense oor die algemeen so oorweldigend dat basaars en voedselware op baie plekke vroeg in die dag reeds uitverkoop was. Op Oudtshoorn, by voorbeeld, waar die funksie op die plaas van genl. Jurgens Schoeman gehou was, kon baie mense vroeg die middag reeds niks te ete meer kry nie, en dit ondanks die feit dat die polisie alle vragmotors vol mense voorgekeer en belet het om te ry. Die opkoms het die verwagtings ver oortref. Op Stellenbosch, waar voorsiening gemaak was om aan meer as duisend mense middagete te verskaf, moes talle mense teleurgestel word.

Op ander plekke was die sale waarin samekomste gehou is, tot oorlopende toe vol. In die generaalskap Upington het genl. mev. J. S. du Toit op plekke geesdriftige vergaderings toegesprek waar die naaste persoon meer as dertig myl ver moes ry. Daar kan dus met blydskap gemeld word dat die gees van die Ossewatrek van 1938 herleef het. Op talle plekke het mense wat in die afgelope jaar bedank het, die dag weer hul verskyning tussen hul ou strydmaakers gemaak, en op sommige plekke is inlywingsfunksies gehou waar talle nuwe lede ingesweer is.

As 'n weerspieëling van die geesdrif kan die bedrae genoem word waarmee die volk op 'n paar plekke sy geesdrif in die daad omgesit het. Die oorgrote deel van die Kaaplandse verslae het ons nog nie bereik nie, en ons neem maar voorbeelde uit die eerste paar wat bekend is.

GROOT BEDRAE

Die sentrale generaalskap van Kaapstad kon £520 die aand in die stampvolle Hofmeyersaal aankondig as die opbrengs vir die dag. Saam met individuele skenkings beloop dit meer as £560. Stellenbosch en Die Strand, wat slegs 'n deel van hul generaalskap verteenwoordig, het £412 ingebring, terwyl die Paarl se funksie alleen meer as £300 opgelewer het. Hierdie syfer verteenwoordig nog nie die finale bedrag nie. Oudtshoorn het met sy funksie die £500-merk oorskry, hoewel ook in hierdie geval nog gelde van sommige eenhede uitstaande is. Die volle bedrag van Upington, waar genl. mev. Du Toit opgetree het, is nog nie bekend nie, maar dis is ongeveer £700. Bellville se generaalskap het oor die £170 ingebring.

Ook kleiner plekkies het bo verwagting goed gedoen. So het Loxton se basaar alleen £180 opgebring, Porterville £70, Caledon £70, Wellington £44, plekkies soos Bonnievale en Montagu albei oor die £30. Dit betref slegs die funksies vir die dag.

Op Worcester is 'n straatkollekte gehou wat £39 ingebring het, terwyl die gemiddelde opbrengs vir kollektes ten behoeve van die oorlogspoging gewoonlik om en by die £9 beloop.

Een van die dames wat gekollekteer het, skryf as volg oor die geesdrif: „Ek het my kjaarge maak om aanstoot te kry, maar het waarlik niks van daardie aard ondervind nie. Intendeel, ek het beslis tot 'n nuwe ontdekking gekom: dat baie meer mense as wat ons dink, baie gunstig gesind is teenoor die O.B.-beweging. Wat my hart waarlik goed gedoen het, was om


te sien hoe die minderbevoorregtes gee, byna bo hul vermoë, en hoe die jong geslag geesdriftig is. Daar was somer baie wat met hul motors of fietse kom stilstou het om hul bydraes te gee en baie wat seker gemerk was deur Waarheidsridders." In dié verband deel sy mee hoe meisies wat in winkels van andersdenkendes werk, uit die winkel gehardloop het om hul geldjies in te gooi. Selfs soldate met die rooi lus het aangestap gekom en bygedra.

Die aktiewe lede van die Ossewabrandwag vandag kan tereg beskou word as die speerpunt van die vryheidsbeweging. Agter hulle staan nog tienduiseende Afrikaners wat hart en siel saam met die beweging voel, maar wat weens die oorweldigende getal vyandiggesinde base nie openlik kan optree nie, want afgesien van alle werknemers van die Unie-regering, die Provinsiale Regerings, meeste munisipaliteite, alle vreemde besighede, ens., is daar nog die nasionaalgesindes binne die Party wat onverbidlik in hul vyandskap teen die republikeine van die Ossewabrandwag. Desondanks staan die Ossewabrandwag en beweeg hy soos blyk uit 8 Augustus.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek

Steyns

PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK



SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:

Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorverzekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losleshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringdiens.
Padverslae, Pad- en roefkaarte.
'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTURDER,
Bus 2043, Kaapstad.

DIE TAKBESTURDER,
Bus 1093, Johannesburg.

DIE TAKBESTURDER,
Bus 383, Bloemfontein.

Bestel Nou! — DIE STEM VAN DIE VOLK

Die doel van hierdie werkie is om die toestand onder die verworde demokratiese stelsel soos ons dit vandag dwarsdeur die wêreld aantref, in verhaaltrant uit te beeld op 'n Afrikaanse agtergrond.

Die inhoud is leersaam en pakkend.

Kommando's word versoek om met verkoop te help.

Deur N. G. S. van der Walt.

Prys 1/6 posvry.

6d. per boekie vir O.B.-Fonds.

Bestel van

Pro Ecclesia-Drukkery,

Posbus 28, Stellenbosch.

VOLKSKAS IS U EIE BANK!



Fondse oorskry £1,800,000.

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)



'N VOORBRAND PRODUK

TANS IN VIER

VERPAKKINGS:

GEEL — — — lig
BLOU — — — middel
ROOI — — — populêr
GROEN — — — donkerpyp

Voorbrand
Tabakmaatskappy (Edms.) Bpk.

Kommissarisstraat 200

JOHANNESBURG

DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterresseerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

	f	s.	d.
Reeds Erken	4,013	4	4
Vriendin Rondebosch	2	0	0
Vriend Rondebosch	10	0	0
Mev. Rocher, Velddrift	15	0	0
Lys 132 Beaufort-Wes Suid Manne-Kommando	1	0	0
Lys 357, Riversdal	10	0	0
Vryheidsdag Kollekte Onseepkans	3	12	0
Penkop Martie Meyer, Vlakteplaas-Spoor	10	0	0
Lys 453, Vroue Kommando, Worcester	1	0	6
Totaal	£4.032	11	10

WIE IS VERRAAIERS?

Van die Partyleiers se kant word dikwels smalend gepraat van O.B.- en Stormjaer-offisiere wat hul manskappe en organisasies verrai deur verklarings af te lê. Dit moet dan dien as bewys van hoe sleg die O.B. is en dat sy lede nie te vertrou is nie.

In die eerste plaas vergeet hierdie Partyleiers dat dit nie O.B.-lede is wat verraad pleeg nie, maar **Afrikaners**. Die skanderus nie op die O.B. nie maar op die **Afrika-nervolk**, en as die Partyleiers enige gevoel vir hul volk het, sal hulle net so skaam daarvoor voel as die res van die volk en liever daarvoor swyg.

In die tweede plaas het dit geblyk dat meeste van die mense wat vandag verklarings teen hul vroeë organisasies en vriende aflê, juis mense is wat aan die Party trou gebly, en dus op versoek van die Party-leiding uit die O.B. getree het.

In werklikheid is dit dus Party-lede wat vandag die verklarings aflê teen mede-Afrikaners, want as gevolg van die skouring het 'n aantal lede van die O.B. en die Stormjaers ontrou geword aan hul organisasies juis op aanmoediging van die Party-leiding.

Vir hulle is dit ook vandag baie maklik om getuienis af te lê teen hul eertydse makkers, want die Partyleiding maak hulle wys dat die eed van trou aan die O.B. van geen waarde is nie, afgesien natuurlik nog van die voorbeeld wat hul hoofleier gestel het deur sy onthullings van binnekringe in die Ossewabrandwag.

Binne die Ossewabrandwag daarenteen word die eed nog gehandhaaf en staan Afrikaners nog trou teenoormekaar — daarvan getuig die groot aantal persone in die tronke vandag wat hul vryheid maklik deur 'n verklaring kan koop, maar weier om dit te doen.

KAROO KRAALMIS

BESTEL vroegtydig en wees verseker van aflewering. Karoo Kraalmis, fyngemaal, geskik vir die gebruik met Kunsmistoestelle 27/- per 11 sakke-ton. 10 ton en meer 26/-. In u eie sakke 17/-. Vry gelewer Unie-stasies. J. A. SCHOEMAN, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.

105 Takke
40,000 Lede

AVBOB

Reserwefonds
£90,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSIE, KISTE, KRANSE, GRAFSTONE

La Belle Alliance
Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE
alle moderne geriewe

Billike Terme

Elemars: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833

Ons Ontmoet alle Treine,
Kloofstraat, Kaapstad.

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

Terms uiters billik.

Raadpleeg SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

W. VOIGT BPK., HUGENOOT.

Fabrikante van

Kelder en Besproeiings

Masjienerie,

Sleepwaens,

Boerewaens, Ens., Ens.

Foon: Paarl 23.

Posbus 10, Hugenoot.

MARKAGENTSAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

HAVENGA SE MOTORS

Agente vir

CHEVROLET en PONTIAC

MOTORKARRE

Goeie en billike bediening

Posbus 45 — CERES

SPOORBONDKAS BEPERK sô

VOORKOM TELEURSTELLING

Slegs 'n geringe aantal

„B“-AANDELE

5% kumulatiewe voorkeuraande

teen £1 elk nog verkrygbaar. Dit is u laaste kans.

Stuur navraagvorm onmiddellik.

Navraagvorm.

Die Sekretaris, Spoorbondkas, Beperk, Bus 8289, Johannesburg.

Waarde Heer,

Stuur my a.u.b. per kerende pos 'n aansoekvorm om aande.

Die uwe,

Volle naam

Adres

Geklassifiseerde Advertensies

GEBOORTE

DU TOIT. — Met blydschap van die Heer ontvang op 11 Augustus, 'n flinke Brandwagseun.

Sy dankbare ouers en sustertjies:
Eddie, Marie, Moreen en Johanna.
Hofstraat, Bellville.

VERLOWING

DU PLESSIS — DE VILLIERS. — Hiermee maak ons twee, Maggie en Wynand, albei van Goodwood, aan familie en vriende(inne) bekend dat ons op Saterdag die 15de Augustus verloof geraak het.

MEJ. E. SWART van Boksburg en mnr. H. P. BOTHA van Potchefstroom, maak bekend dat hulle verloof is.

DOODBERIG

KROG. — Na 'n siekbed van 'n paar maande heengegaan Brandwag, Johannes Krog, in die ouderdom van 66 jaar. Saam met die moeder en kinders treur die Brandwagte oor sy heengaan en verseker die agterblywendes van hul diepe meegevoel.
Konga.

IN MEMORIAM

DIE gemeenskap is diep getref deur die heengaan van Veldkornet Pieter J. Redelinghuys, van Anondale, Malmesbury, op 11 Augustus 1942. Aan sy Volk en beweging, die Ossewabrandwag, getrou tot die dood. Ons sal hom mis maar gun hom die hoër roeping wat hom nou oorgelê is.

Genl. Van Aarde de Kock.
Generaalskap.

WRIGHT. — Onvergeetlik bly die more van 21 Augustus 1941 toe onverwags weggeneem is ons dierbare eggenoot en vader in die ouderdom van 50 jaar.

Die gemis is groot, maar—wat God doen is welgedaan. Die treurende eggenote, Wed. C. B. Wright en kinders. Perdefontein, Prins Albert.

GROETE

HOU KOERS KOMMANDO'S, BLOEMFONTEIN, uit die Suide stuur ons 'n broedergroet! Die Kommando's van Malmesbury, sal sekerlik hul fakkels brandend hou — en helder ook!! Ook die Kommando's van Paarl wens ons hartlik geluk met hul Sentrum. Ons hoop dit sal net so 'n groot sukses wees as ons een hier. **MALMESBURY KOMMANDO'S.**

BEDANKING

VELDKORNET en Kommandante W. van Wyk, Frasersburg, wens alle Vroue-Kommando's onder Genl. de Villiers te bedank vir deelname in ons swaar verlies.

TE KOOP

EERSTELAS tweedehand Kapkarre, twee- en vier-sitplek. Een pragtige vier-sitplek Spaider; lyk soos nuut; en een twee-sitplek Spaider. Kiekies op aansoek. G. L. KLEYN, Rietriet-Wes, Le Rouxstasie.

GOUDA KAAS in een- en tweepond knase; baie goeie kwaliteit teen 1/3 per pond; gelewer op spoor. S. P. BEKKER, KLEINFONTEIN, TARKASTAD.

BOME: Geokkuleerde Pekaane-neutbome, Tung, vrugte en Rose. 20 jaar gevestigde besigheid. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus. **RUDMANSE EDENVALE KWEKERY, EDENVALE NATAL.**

BOORMASJEN: Star Paraffin boor (Le Roi Engine). Eersteklas werkende kondisie met alle toebehore. Kos £800 voor die oorlog. Gewillig om te verkoop vir £400. Doen aansoek: **BOORMAN, P.K. Lehmandrift, QUEENSTOWN.**

TE HUUR

KAMER. — Gemeubileerde Kamer vir manspersoon. Doen aansoek: Newportstraat 12, uit Klontnekweg, **KAAPSTAD.** Foon 2-5749 tussen 9 v.m. en 5 n.m.

BETREKKING GEVRA

O.B.-ONDEROFFISIER met vyf jaar ondervinding soek betrekking as Klerk in 'n Afrikaanse besigheid. Enige afdeling. Vir getuigskrifte skryf aan **J. J. DU TOIT, De Rust, SENEKAL.**

HARDWERKENDE jong Afrikaner, getroud, 30 jaar oud, geen gesin, soek enige redelike betrekking in besigheid, winkel, kantoor of plaas. 1931 gematrikuleerd, 10 jaar ondervinding in kantoorwerk en gewoon besigheid doen. Sertifikaat in Boekhou, sertifikaat in Suiwel. Ander getuigskrifte van werk en ondervinding. Gewillig om 'n boerdery op te werk. Skryf dringend aan C. D., P/a. „Die O.B.“ Kamer 916, Grootse Kerkgebou, **KAAPSTAD.**

ONMIDDELLIK BENODIG

STERK, gesonde, werklustige, opgeruimde Afrikaner-dogter, minstens 17 jaar oud. Huisgesin vier, moderne huis, geen growwe werk. Begin salaris 50/- per maand, vry inwoning. Aansoek: **WERKLUS, Bus 2363, KAAPSTAD.**

SOUT TE KOOP

BRANDWAGTE, om 'n eerlike bestaan te maak, vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. AI 4/6, No. I 4/-, fyn bottersout 6/6 per sak, 200 pond, fyn bottersout 3/6, 100 pond. Gelaai Soutpan, Martie Venter, Possak Arbeidsloot, **BLOEMFONTEIN.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Grootse Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.